Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 3

23 Januarie 2017

Geagte Ouers

ATLETIEK
Atletiekbyeenkoms Dinsdag, 24 Januarie 2017 tuis en Donderdag, 26 Januarie 2017 by Laerskool Pretoria-Oos. Alle atlete wat deelneem sal ‘n brief met die program ontvang. **Alle atlete wat van die skool se vervoer gebruik maak moet asseblief die skeurbriefie so gou moontlik by Me Reid inhandig.**

REVUE
Die name van die leerders wat deurgedring het na die finale revuegroep, sal op Woensdag, 25 Januarie 2017 bekend gemaak word. Hierdie leerders sal ‘n brief ontvang. Die eerste oefening sal op Maandag, 30 Januarie 2017 plaasvind (let asseblief daarop dat die datum verskil van die datum wat aanvanklik genoem is).
Die Juniors (Gr 1 - 4) sal in die kerksaal oefen vanaf 13:45 tot 15:00.
Die Seniors (5 – 7) oefen vanaf 13:45 tot 15:30 in die skoolsaal.

MEDIA
Alle Gr 4-7 leerders kan boeke uitneem by die media. ‘n Leerder mag nie meer as 2 boeke op ‘n slag uitneem nie. Alle mediaboeke moet teen 17 Februarie 2017 terug wees. Die media sluit twee weke voordat die toetse en eksamens begin en maak dan weer die volgende kwartaal weer oop.

Mediatye: Gr 4V + I - Maandag 1ste pouse
Gr 4L + E - Maandag 2de pouse
Gr 5V + I - Dinsdag 1ste pouse
Gr 5L + E - Dinsdag 2de pouse
Gr 6 - Woensdag 2de pouse
Gr 7 - Donderdag 2de pouse

NETBAL
Die netbalseisoen is om die draai en ons skop die seisoen af met ‘n kursus in Februarie. Ons wil graag u as ouers vroegtydig daarvan inlig. Die kursus word aangebied by Laerskool Villieria en die kostes beloop die bedrag van R180 per dogter. Dogters vanaf o/6 tot o/13 kan deelneem aan die kursus. Sodra die netbaloefening begin sal meer inligting deurgegee word.

TROLLIETASSE
Ons besef dat ouers gereeld onder druk mag verkeer met die aanskaf van trollietasse. Ons ontmoedig egter ten sterkte die aankoop daarvan aangesien die bepaalde “4x4 voertuig” (trollietas) vir sy eiesoortige probleme op stoepe en in klasse oplewer.

Behalwe vir die ongelooflike kostes, ondervind die skool gereeld klagtes aangaande beserings, skade aan die tasse, spasieprobleme in die klasse, ens. Huidige gebruikers kan egter steeds die tas gebruik, maar moet begrip hê vir skade asook die nodige konsiderasie teenoor mede skoliere.

PENNEBLIKPROJEK
Soos die afgelope paar jaar gaan Laerskool Villieria weer hande vat met Villieria Polisiestasie met bogenoemde projek. Dit sal eers na die Aprilvakansie afskop. Soos in die verlede is die beroep veel eerder vir enige gebruikte items as wat van enige skenker verwag word om aan te koop.

Baie van ons leerders is heel bevoorreg en skop ‘n nuwe jaar af met nuwe penneblikkies en skryfbehoeftes. Alle tweedehandse skryfbehoeftes, penneblikkies en/of enige baadjies wat in onbruik geraak het, word by Me Otten ingehandig. Sy sal met die hulp van ons 2017 leiers dit was en netjeis maak vir oorhandiging aan ‘n skool met ‘n oordaad behoeftige leerders.

Alle moontlike skenkers het tyd tot die eerste week na die Aprilvakansie. Sluitingsdatum is 21 April 2017.

VOORTREKKERS
Die Voortrekkers nooi almal uit om ‘n lekker middag van skuimpret en ‘n waatlemoenfees saam met ons te kom geniet. Dit vind plaas op Maandag, 23 Januarie 2017 tussen 16:30 en 18:00 by Laerskool Queenswood Sportgronde. Kom in jou swemklere en bring ‘n handdoek saam. Daar sal ‘n inligtingstafel wees vir die ouers om meer inligting te verkry.
Navrae: Lidia Hendriks 082 564 4840.

LOJALITEITSKAART BP BEN SWARTSTRAAT
Ons buurvulstasie en jarelange adverteerder op ons advertensieborde, BP Ben Swartstraat het ‘n lojaliteitskaart van stapel gestuur. Inskrywingsvorms is beskikbaar by die vulstasie. Alle gebruikers van die kaart sal dan voortaan onbewustelik ‘n bydrae tot die skool kan maak op grond van die aantal liters wat per maand getap word.

Vriendelike groete

D P HAASBROEK
HOOF